



# KRUGER

Internasionaal

Privaat Welvaart-Bestuur

## DIE STRANDLOPERS

Hierdie is die vierde verslag vanjaar.

### Opmerking

Weens die afsterwe van my eggenote, Marina, op 30 Mei 2010, verskyn hierdie verslag later as gewoonlik.

### Politiek

- Hopelik sal die plaaslike politieke toneel tydens die sokkertoernooi tweede viool speel en sal ons tydelik minder van nasionalisering hoor. Of die vakbonde tevrede sal wees om tot na die 11de Julie te wag vir hul dubbelsyfer salarisaanpassings sal nog gesien moet word?
- Die Britte en Hongare se nuwe politieke leiers wil eers aandui hoe erg die probleme is wat hulle geërf het en wat hulle nou gaan regstel. Ongelukkig veroorsaak dit groter onstabiliteit in die finansiële wêreld.
- Dit wil voorkom asof die olieëk in die Mexikaanse golf die politieke omgewing vir die Obama Administrasie bietjie glyerig maak. Die sterk optrede teenoor BP behoort egter die politieke toneel weer te stabiliseer.
- Noord en Suid-Korea hou blykbaar daarvan om die politieke temperatuur tussen hulle op 'n hoë vlak te hou. Die res van die wêreld en die finansiële markte hou nie juis daarvan nie.
- Seerowery bly steeds 'n lekker winsgewende speletjie.

### Internasionaal

- Die fokus is tans vierkantig op die probleme wat baie en veral ontwikkelde lande ervaar met die tekorte op hul staatsbegrotings. Eerstens ontstaan die vraag hoe die tekorte kon ontstaan indien daar in 'n gebied soos Euroland duidelike voorskrifte was waaraan hierdie lande moes voldoen om lede van die eurogebied te word. Tweedens ontstaan die vraag lank dit hierdie lande sal neem om uit hul finansiële probleme te kom en watter maatreëls hulle moet tref om te oorleef.
- Tans is die antwoord dat hierdie lande 'n baie strengere fiskale beleid sal moet volg. Dit beteken dat die lande belasting sal moet verhoog en uitgawes drasties sal moet besnoei. Noodwendig is die afleiding hieruit dat ekonomiese groei weens hierdie strengere beleid skerp sal verlangsaam. Die verwagting is dus dat Euroland baie stadige groei sal toon – nie net in 2010 nie, maar ook in daaropvolgende jare. Terselfdertyd word verwag dat 'n land soos Griekeland vir 40 jaar kan sukkel om die beleggings in staatseffekte terug te betaal.
- Die swakke ekonomiese vooruitsigte laat die euro teenoor ander geldeenhede verswak. Dit bring mee dat die noordelike lande van Euroland soos bv. Duitsland, Nederland, Frankryk voordeel trek uit die swakke geldeenheid en ekonomiese groei word in hierdie lande gestimuleer, terwyl die lande van die Olyfgordel, soos Griekeland, Spanje, Portugal wat nie die vervaardigingsbasis het om uit die swakke geldeenheid voordeel te trek nie swakke of selfs negatiewe groei toon. Die swakke euro kan wel toerisme in die hele gebied stimuleer.

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal  
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg  
Posbus 72260 Parkview 2122 Tel: +27 (0)11 726 7700  
Faks: +27 (0)11 219 7111  
[www.krugerinternasionaal.co.za](http://www.krugerinternasionaal.co.za)  
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV



- Dis nie net in Euroland waar 'n strengere fiskale beleid gevolg moet word nie, maar ook in verskeie ander lande soos die VSA en China. Dit benadeel in die algemeen ekonomiese groei. Nogtans verwag instansies soos die Wêreldbank en die IMF dat ekonomiese groei vanjaar wel sterker sal wees as wat aanvanklik verwag is.
- Die verdere probleem wat uit die bogenoemde situasie na vore kom, is dat finansiële instellings met staatseffekte sit wat nou nie meer sulke absolute veilige beleggings is nie en eerder 'n meulsteen om hul nekke kan word. Dit kan die finansiële sektor weer eens onder druk plaas. Dit behoort nie dieselfde omvang aan te neem van die laaste kwartaal 2008 krisis nie.
- Terselfdertyd bly inflasie in die meeste ontwikkelde lande goed onder beheer. Die uitsondering is die VK en China waar dit tans bo 3% is. Die vrees is dat inflasie in veral China nog verder kan versnel in die res van die jaar.
- Omdat die fiskale beleid in verskeie lande strenger sal word, terwyl inflasie oor die algemeen goed onder beheer is en groei matig bly, is die verwagting dat korttermynrentekoerse in al die groot ontwikkelde lande op die huidige lae vlakke sal bly tot selfs die middel van 2011.
- Nieteenstaande die groot finansieringsbehoefte om begrotingstekorte aan te vul, bly langtermynrentekoerse op lae vlakke. Dis veral weens die verwagting dat korttermynrentekoerse op huidige baie lae vlakke bly, en beleggers die beter opbrengste wat langtermynrentekoerse tans bied, soek. In die geval van onsekerhede wat toeneem, is daar ook 'n invloed van geld na veral VSA staatseffekte omdat dit as veilige beleggings beskou word.
- Algemene kommoditeite word negatief beïnvloed deur vrees dat ekonomiese groei stadiger as verwag kan wees. Terselfdertyd is daar wel die verwagting dat die vraag na kommoditeite steeds noemenswaardig sal wees en vloei geld na hierdie markte weens die beter opbrengs as in die geldmarkte.
- Die goudprys word ondersteun deur die onsekerhede in die finansiële markte en die lae rentekoerse.
- Die olieprys word ondersteun deur die verwagte herstel van die wêreld ekonomie, die lae rentekoerse en die vrees dat bronne beperk is en ook benadeel kan word deur gebeure soos wat BP nou in die Golf van Mexiko op die lyf geloop het.
- Aandaelbeurse word bevoordeel deur die verwagte lae rentekoerse, die herstel van die ekonomie wat maatskappywinste ondersteun en die groot kostebesnoeiings wat maatskappye in die afgelope jaar onderneem het om te kon oorleef. Die vrees dat ekonomiese groei stadiger as verwag sal wees en maatskappywinste dus nie so vinnig sal kan herstel nie, laat beleggers wel huiwer omdat dit kan wees dat aandeelpryse reeds baie van die verwagte groei verdiskonteer.

## Plaaslik

- Die plaaslike ekonomie baat steeds by die Wêreldbeker-sokkertoernooi. Eers het die voorbereiding vir die toernooi deur die bou van die stadions en die herstel en opgradering van infrastruktuur tot ekonomiese groei bygedra. Tans is dit weens die besteding van plaaslike en internasionale toeriste tydens die toernooi. 'n Afplating in aktiwiteite kan verwag word wanneer die toernooi op 11 Julie tot 'n einde kom. Die probleme wat tans in Euroland ervaar word – en wat 'n groot handelsvennoot van die RSA is – kan ook bydra tot 'n verswakking van plaaslike aktiwiteite. Terselfdertyd is daar steeds groot infrastruktuurprojekte wat in die volgende aantal jare afgehandel moet word en wat

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal  
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg  
Posbus 72260 Parkview 2122 Tel: +27 (0)11 726 7700  
Faks: +27 (0)11 219 7111  
[www.krugerinternasionaal.co.za](http://www.krugerinternasionaal.co.za)  
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV



steeds tot ekonomiese groei sal lei. Intussen bly die plaaslike verbruiker steeds onder druk weens die hoë skuldvlakke waarin hulle hul bevind. Private verbruiksbesteding sal dus net matig kan herstel en sal beïnvloed word deur werkloosheidsvlakke en tot watter mate inkomstes verbeter weens salaris- en loonstygings voordat dit weer ondermyn word deur hoër plaaslike owerhede se belastinge en tariewe.

- Die verwagting is dat die tekort op die lopenderekening van die betalingsbalans vanjaar sal verswak van die net minder as R100 miljard verlede jaar tot sowat R120 miljard in 2010. Hierdie tekort behoort steeds deur die invloei van korttermyn buitelandse kapitaal gefinansier te word. Die invloei van buitelandse kapitaal het egter baie meer riskant geword weens die onsekerhede wat rondom die fiskale probleme van die Olyfgordel-lande in Euroland na vore getree het. Tot aan die begin van Junie was die invloei van buitelandse kapitaal net meer as 50% van die totaal wat in dieselfde 2009 periode ingevloei het.
- Nieteenstaande die ruim uitdeel van sokkertoernooikaartjies wil dit wel voorkom asof die sentrale regering se begrotingstekort in die huidige fiskale jaar kleiner as verlede jaar sal wees. Die probleme rondom die fiskale beleid om ekonomiese groei in die regte rigting te stimuleer, duur egter voort. So ook die probleme van plaaslike owerhede waar geen oplossing in sig is nie en wat toekomstige ekonomiese groei sal beperk.
- Inflasie word steeds op sy afwaartse pad aangehelp deur laer voedselpryse asook die verlaging van brandstofkoste. Daarteenoor is die toename in plaaslike owerhede se tariewe en belastinge asook die dubbelsyfer loon- en salarisaanpassings geen goeie nuus om inflasie oor die langer termyn onder beheer te hou nie. Alhoewel die rand die afgelope tyd teenoor die dollar verswak het, bly dit sterk teenoor ander geldeenhede en help dit om ingevoerde inflasie te beperk. 'n Inflasiekoers van tussen 5% en 5.5% word steeds in 2010 verwag.
- Die gebrek aan geskoolde menslike hulpbronne bly die land se grootste probleem wat veral toekomstige groei aan bande sal lê. Geen noemenswaardige oplossing is tans in sig nie. Werkloosheid sal 'n al hoe groter probleem word en al hoe meer sosiale probleme meebring.
- Die verwagting is dat korttermynrentekoerse tot minstens vroeg in 2011 onveranderd sal bly.
- Langtermynrentekoerse word tans deur die beweging van korttermynrentekoerse beïnvloed, maar behoort in die langer termyn die groot finansieringsbehoefte van die openbare sektor te weerspieël.
- Die plaaslike aandelebeurs volg die internasionale tendense na.
- Die rand word steeds deur die lae internasionale rentekoerse en die gevolglike drahandel beïnvloed. Die aanduiding is dat die rand tot in volgende jaar ondersteuning van hierdie faktore sal ontvang.

## Beleggingsomgewing

- Die dollar word in die huidige klimaat van onsekerheid as 'n veilige toevlug beskou. Hierdie sterkte weerspieël veral die invloei van buitelandse kapitaal na instrumente soos VSA staatseffekte. Die verwagting is ook dat die VSA sterker groei as gebiede soos Euroland of lande soos Japan sal toon en dat Amerikaanse maatskappye se winste dus beter sal vertoon as die van ander lande.
- Die aanduiding is dat die dollar nog tot minstens die einde van die jaar sterk kan wees veral teenoor geldeenhede soos die euro.

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal  
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg  
Posbus 72260 Parkview 2122 Tel: +27 (0)11 726 7700  
Faks: +27 (0)11 219 7111  
[www.krugerinternasionaal.co.za](http://www.krugerinternasionaal.co.za)  
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV



- Korttermynrentekoerse in al die groot nywerheidslande kan selfs tot in die middel van 2011 op huidige vlakke bly. Dit sal verhandeling in aandelebeurse, kommoditeits- en valutamarke gedurende hierdie periode stimuleer en ondersteun. Drahandel waar geld in die geldmarke van die groot nywerheidslande teen lae rentekoerse geleen word om in lande met hoër rentekoerse – soos die RSA, Australië, Nieu-Seeland – te belê, sal steeds voortduur. Risikovermyding in tye van onstuimigheid en onsekerheid in lande soos byvoorbeeld Griekeland, Portugal, Spanje sal wel die patrone van verhandeling van tyd tot tyd versteur.
- Langtermynrentekoerse word tans op lae vlakke gehou weens die invloed van kapitaal na hierdie beleggingsinstrument omdat rentekoerse hier hoër is as in die geldmarke. In die langer termyn behoort hierdie rentekoerse wel die omvangryke finansieringsbehoefte van die openbare sektor in die meeste lande te weerspieël.
- Plaaslike word verwag dat korttermynrentekoerse tot in 2011 meestal sywaarts sal beweeg. Dit sal baie beleggers noop om beter opbrengste in ander marke te soek.
- Langtermynrentekoerse sal na verwagting deur die beweging van korttermynrentekoerse beïnvloed word en dus ook sywaarts beweeg nieteenstaande die groot finansieringsvraag wat vanuit die openbare sektor kom.
- Die plaaslike aandelebeurs word deur die internasionale tendense, asook die lae vlak van rentekoerse beïnvloed.
- Die rand word ondersteun deur die lae internasionale korttermynrentekoerse en behoort dus tot minstens die begin van 2011 sterk te vertoon teenoor die meeste ander geldeenhede. Plaaslike produsente sal kostestygings sover moontlik moet beperk om mededingend in die plaaslike en internasionale handelsmarke te bly.

Ulrich Joubert  
16 Junie 2010.

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal  
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg  
Posbus 72260 Parkview 2122 Tel: +27 (0)11 726 7700  
Faks: +27 (0)11 219 7111  
[www.krugerinternasionaal.co.za](http://www.krugerinternasionaal.co.za)  
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV